Woodoc Deck Sealer Spesifikasieblad



Tipiese Aanwending:
`n Getinte, buitenshuise laeglansverseëlaar vir gebruik op poreuse (sagte) houtdekke bv. SA Dennehout en poreuse Meranti. Dit is spesiaal ontwerp vir gebruik op poreuse houtdekke en enige ander buitenshuise houtoppervlak wat aan strawwe weersomstandighede blootgestel word.
Let wel: Nie geskik vir gebruik op Balaudekke nie. Gebruik Woodoc Deck Dressing op Balaudekke asook dekke gemaak van ander digte houtsoorte.

Produkeienskappe:
Woodoc Deck Sealer het `n alkiedbasis met UV-absorbeerders en bygevoegde deurskynende ysteroksiede om hout teen fel sonlig te beskerm.

- Uitstekende beskerming teen wind, water, besoedeling en soutsproei.
- Ekstra beskerming teen ultra-violetbestraling onder uiterste toestande.
- Hoë-opbou eienskap vir `n gladde en aantreklike laeglansoppervlak.
- Beskikbaar in Golden Brown, Rich Meranti en Deep Brown.
- Dring diep binne om hout te voed.
- Nie-giftig wanneer droog.
- Beïnvloed nie lym nie.
- Vergaan aan die einde van lewensiklus.
- Volledige gebruiksaanwysings op etiket.

Nr: WDS/003
Gedateer: 10/11/11
Naam: Woodoc Deck Sealer – Buitenshuise Laeglans Verseëlaar
(Rich Meranti / Deep Brown / Golden Brown)
Beskrywing: Diep penetrerende, getinte laeglansafwerking met UV-beskerming en waterwerende eienskappe, vir buitenshuise gebruik.
Dekking: Eerste laag 10-12 m^2/liter. Daaropvolgende lae 12-14 m^2/liter. 3 lae (gemiddeld) 3,3 m^2/liter.
Aanwending: Met verfkwas. Maak kwas met minerale terpentyn skoon.
Verdunning: Verdunning word nie aanbeveel nie, maar indien nodig, gebruik slegs minerale terpentyn.
Drogingstyd:
Droging sal varieer, afhangende van vog en atmosferiese toestande.
Produkeienskappe: Getinte, buitenshuise, hoë-opbou laeglanshoutverseëlaar. Formaldehied-vry.
Wasinhoud: Geen.
Verenigbaarheid: Minerale Terpentyn.
Onverenigbaarheid: Asetoon, Lakverdunner, Benseen en ander oplosmiddels.
Verpakking: 1 liter en 5 liter. (20 of 200 liter op versoek by handelaar beskikbaar)

LEES ALTYD DIE AANWYSINGS OP DIE BLIK VOOR AANWENDING.
VLAMBAAR. Hou buite bereik van kinders. Skadelik indien ingeneem word. Ingestie kan chemiese pneumonitis veroorsaak.
BELANGRIK: Hierdie produk word hard indien dit met suurstof in aanraking kon. Maak blik na gebruik goed toe om beter te bewaar.

Woodoc
FOOD FOR WOOD

Vervaardig en bemark deur:
Rekara Mills (Edms.) Bpk.
Posbus 16, Fort Beaufort, 5720, Suid-Afrika
Tel. +2746 645 1109 Faks +2746 645 1538